

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus alles is wat God met seremonies in die Ou Testament gewys het Hy is: Christus is werklik God met ons. Christus is God met ons soos die seremonies van die Ou Testament gewys het God in liefde met sy volk is. Wie Christus vir ons is en wat Hy vir ons doen, beëindig alle seremoniële godsdiens. Wie seremoniële geestelikheid wil bedryf terwyl Christus God met ons is, maak God doelbewus met hierdie seremonies afwesig en wil God self verteenwoordig wie hulle met seremonies afwesig gemaak het, in hulle en ander mense se lewens. Seremoniële geestelikheid is afgodsdiens.

Skriflesing Mat. 12: 1 – 18; 28: 18 – 20; Kol. 2: 16 – 23; Heb. 10:1 – 10

Teks Kol. 2: 17: “Dit alles is maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.”

Tema Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdiens

1. Wie het gesê die Sabbatdag moet onderhou word?

Dit staan baie duidelik in Exodus 20:1 “Toe het God al hierdie gebooie aangekondig.” en “Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou.” Dit is God self wat gesê het dat die Sabbatdag onderhou moet word. Dit is ’n instelling deur God self.

Maar kyk nou wat sê Paulus in Kol. 2: 16: Niemand mag vir jou sê dat jy die Sabbatdag moet vier nie. Die teenstelling tussen Exodus 20 en Kol. 2 is duidelik: in Exodus 20 sê God dat die Sabbatdag onderhou moet word, maar in Kolossense sê Paulus dat niemand vir enige Christen meer mag voorskryf om die Sabbatdag te onderhou nie.

In Mat. 5 in die Bergrede kondig Jesus aan dat Hy nie gekom het om die Tien Gebooie te verander nie, maar om hulle hul volle betekenis te gee, en verder nog dat geen Christen een jota of titel van die Tien Gebooie mag verander nie. So! Hoekom onderhou ons nie meer die Sabbatsgebod nie? Gister, Saterdag, was die Sabbat. Dit is die sewende dag van die week. Vanoggend, Sondag, is nie die Sabbatdag nie. Wat het ons gister gedoen? Alles wat ’n mens nie op die Sabbatdag volgens die Ou Testament mag doen nie. Ons het almal die hele dag lank gewerk, gespeel en gekuier en omtrent elke Sabbatsgebod oortree. Volgens die Fariseërs se Sabbatsonderhouding, wat vandag nog in Israel onderhou word, mag jy nie gister verder as 4 tree geloop het nie. Dan moet jy eers rus en dan mag jy weer 40 tree loop. Ons het gister almal meer as 4 kilometer rondgehardloop.

2. Hoekom onderhou ons nie meer die Sabbatdag nie, maar al die ander gebooie in die Tien Gebooie?

Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdienste

Want dit gaan oor die verskil tussen twee soorte wette:

1. Wette wat vir ons wys hoe ons die Here moet liefhê, dit is wette wat vir ons wys hoe ons met leef, en
2. Ander wette waarmee die Here vir ons wys hoe lief Hy ons het. Hierdie wette is prentjiewette. Dit is maniere waarop mense prentjiesuitbeeld van hoe God ons liefhet. Dit is nie wette wat vir ons wys hoe ons God moet liefhê nie.

Die kinders! Kom ons kyk na die verskil tussen wette wat ons wys hoe om God lief te hê en wette wat ons wys hoe God ons liefhet met 'n voorbeeld! Die voorbeeld gaan oor 'n hoërskoolseun en -meisie wat vir mekaar lief is.

Op die skoolgrond is hulle elke dag saam en is vir mekaar regtig lief. Hulle gee aan mekaar aandag, deel hulle gevoelens en ervarings met mekaar, sit styf teen mekaar, gesels en doen dinge saam. Dan kom daar 'n rugbytoer! Voor hy op die bus klim sê sy: "Neem van my 'n paar foto's met jou selfoon!", en dan maak sy hom belowe dat hy elke dag na haar foto sal kyk en aan haar sal dink as hy na die foto kyk en onthou hoe lief is sy vir hom. Op die hele toer doen hy dit. Wanneer sy bel, dan vra sy: "Kyk jy nog na my foto?" Wanneer hy nie sou sê gaan sy vir hom baie kwaad en teleurgesteld wees, en wanneer hy ja sê is sy baie bly.

3. Regte liefde werk so! Wanneer ons by mekaar is, kyk ons die hele tyd vir mekaar, maar wanneer ons verwyderd is van mekaar, dan kyk ons na mekaar se foto's. Wanneer jy nie na haar foto wil kyk wanneer julle nie by mekaar is nie, het jy haar vergeet en voel jy nie meer regtig lief vir haar nie.

Maar wat sal nou gebeur wanneer hy terugkom van die rugbytoer en hulle gaan sit weer styf teen mekaar, en hy kyk nie vir haar nie maar kyk na die foto's van haar op sy selfoon, en gee al sy aandag aan haar foto terwyl hulle teen mekaar sit? Sy gaan verskriklik kwaad wees vir hom omdat hy nie na haar nie, maar na haar foto kyk, en sy gaan loop en hom los.

Hoekom maak sy só? Eers sê sy: "Kyk na my foto", en as hy dit nie doen nie dan is sy kwaad en dan is sy weer kwaad wanneer hy na die foto kyk. Wat maak die verskil? Die verskil gaan oor of hulle met mekaar is van nie by mekaar is nie! Wanneer hulle by mekaar is, kyk hulle vir mekaar. Wanneer hulle nie by mekaar is nie, kyk hulle na mekaar se foto's. Foto's-kyk wanneer hulle nie by mekaar is nie, is belangrik vir hulle liefde, maar wanneer hulle by mekaar is, is dit belangrik vir hulle liefde dat hulle nie na mekaar se foto's sal kyk nie.

4. Hoekom was die prentjiewette in die Ou Testament só belangrik gewees?

Want daarin het die gelowiges gesien hoe lief die Here hulle het, terwyl Hy nog nie gekom het om saam met ons te wees as die Christus nie. In die offers het hulle

Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdienste

gesien Hy sal hulle nooit vir hul sonde straf nie; in die priesters het hulle gesien hulle hoef nie self 'n offer vir hul sonde vir God te bring nie; in die tempel het hulle gesien dat God in liefde onder hulle woon en in die Sabbat het hulle gesien dat God hulle liefde vir Hom heilig maak. In Exodus 31: 13 sê die Here dat die Sabbat is 'n teken dat Hy hulle liefde vir Hom geheilig het: "Jy moet vir die Israeliete sê: Onderhou my Sabbatte. Dit is van geslag tot geslag 'n teken tussen My en julle sodat julle kan besef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het."

Kyk wat het die Here gedoen toe Hy gekom het en saam met sy dissipels was in Matteus 12! Die Here en sy dissipels onderhou nie meer die Sabbatsgebooie nie. Die Fariseërs was baie kwaad vir die Here omdat Hy en sy dissipels nie meer die Sabbatsgebooie onderhou het nie. Die manier waarop die Here hulle antwoord, wys wat Jesus met hierdie prentjiewette van die Ou Testament doen. Hy wys eers twee voorbeelde van waar dit nie sonde is om nie die Sabbatswette te onderhou nie, maar dan kom die belangrike aankondiging: Jesus is self die Here van die Sabbat. Dit beteken Jesus is die Here wat vir Moses die Sabbatswet gegee het en nou skaf Hy wat die Here van die Sabbatswet is, hierdie wet af. Die Here wie hierdie prentjiewet gegee het, neem dit nou weg.

Hoekom?

Die Here gee self die antwoord in Matteus 28: 20 Hy wie eers nie by ons was as die Here wat vir ons gekruisig was, gesterf het en uit die dood uit opgestaan het nie, is nou self elke dag God met ons! Omdat Jesus Christus nou God met ons is, gebruik Hy nie meer die prentjiewette van die Ou Testament om vir ons te wys hoe lief Hy vir ons is nie. Hy gee nou hierdie liefde self vir ons as die Here wat gekruisig was en uit die dood uit opgestaan het.

5. Die Here wie nog nie met ons was as die Here wat gekruisig was en opgestaan het nie, is nou self só God met ons!

- Daarom gebruik die Here Jesus nie meer prentjies van offers om vir ons te wys Hy het ons só lief dat Hy self vir ons die offer sal gee nie. Hy wie self die offer vir ons sonde was is nou saam met ons God met ons!
- Daarom gebruik die Here ook nie meer prentjies van priesters wat offers bring nie. Hy is self nou ons priester wat sy offer vir ons gebring het en Hy is saam met ons!
- Net so gebruik Hy ook nie meer die prentjies van spesiale klere van priesters om te wys net hulle mag offers bring nie. Hy wie self spesiaal is omdat Hy God is en mens vir ons in die hemel is, is saam met ons God al die dae van ons lewe.

Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdienste

- Net so gebruik die Here Jesus nie meer 'n tempel as 'n prentjie teken dat God by ons woon nie. Hy is self God wat by ons woon.
- Net so gebruik die Here Jesus ook nie meer die teken van die Sabbat om te wys dat Hy ons liefde vir Hom heilig laat wees nie. Hy self is met ons en laat ons liefde vir Hom heilig wees saam met ons.

In Matteus 12 kondig die Here aan dat Hy nie meer hierdie prentjiewette gebruik om sy liefde vir ons te wys nie, omdat Hy nou self God met ons is. Daarom mag sy dissipels nooit weer hierdie prentjies gebruik, soos die Fariseër dit gebruik of wil voorskryf nie. Dit is mos net soos met daardie foto van die seun se meisie. Omdat hulle nou saam is, moet hy die foto wegbêre en dit nooit weer gebruik soos wat hy dit gebruik het toe hy weg was op toer nie.

6. Wanneer jy die prentjiewette wat die Here gegee het toe Hy nog nie by ons was met sy kruis, sy dood, sy begrafnis, opstanding en hemelvaart nie, nog steeds gebruik, dan beteken dit dat jy net soos daardie simpel seun is. Jy wil nie meer jou regte meisie lief hê nie. Jy wil fantaseer oor haar met haar prentjie omdat jy nie meer aan haar die regte liefde en aandag wil gee vir wie sy regtig saam met jou is nie. Jy wil net liefde speel en fantaseer, terwyl jy eintlik God nie saam met jou wil hê nie.

Kyk hoe beskryf Paulus hierdie prentjieliefde vir die Here, om met die prentjies van die Here se liefde besig te wees, terwyl die Here nou saam met ons is!

- Hy noem dit danige nederigheid! Dit is net nederigheid met die prentjies van die Here oor die Here, maar dit is nie nederigheid teenoor die teenwoordige Here nie. Dit is nederige besig wees met die prentjies van God omdat jy nie werklik nederig diensbaar teenoor God wat regtig teenwoordig is, wil wees nie.
- Hy noem dit die skyn van wysheid, want dit is die wysheid hoe om oor God en God se liefde te fantaseer omdat jy nie aan God se regte liefde en die eise van regte liefde vir God gebind wil wees nie.
- Hy noem dit 'n selfgemaakte godsdienst. Want die prentjiewette van God is net 'n skadubeeld van god se liefde gewees, van hoe Jesus gekruisig sal word, sal sterf en uit die dood uit opstaan. Hierdie prentjies moes jou net laat verlang na en laat glo in Jesus self, maar nou maak mense van die prentjies godsdienst terwyl hulle God wat met hulle is ignoreer.
- Hy noem dit 'n streng beheersing van die liggaam. Want om oor God met prentjies te fantaseer verander niks aan jou hoogmoed om te maak asof God nie met jou is en jy sonder God kan leef nie.

Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdiens

Christus gee aan die wet van God sy volle betekenis deur sy kruisiging en opstanding. Die volle betekenis van God se wet is dat Hy God in liefde met ons is en ons liefde vir Hom heilig. Mat.28:20. Op hierdie wyse beëindig Jesus Christus die gebruik van prentjiewette, soos Hy dit in Mat. 12 aankondig. Prentjieliefde vir God en met God, is nie regte liefde van God of vir God nie! Jesus Christus wat elke dag God saam met ons is, is die werklikheid. Hy is God wat ons regtig liefhet en ons regtig lief laat wees vir Hom, God met ons!

- Hy is God met ons wat ons regtig liefhet.
- Hy is God met ons wat ons liefde vir God heilig.
- Hy is self God teenwoordig wat al die prentjies wat Hy oor sy liefde vir ons gegee het self vir altyd weggevat het.

7. Daar gebeur werklik vandag 'n verskriklike ding in die Christelike Kerke wêreldwyd en ook in ons eie kerk. Predikante, priesters en pastore bring al die prentjiewette wat die Here weggevat het, omdat Hy nou self God met ons is, terug! Hulle skep 'n geestelikheid waarin ons net soos daardie simpel seun met God se prentjies moet besig wees nadat God self met ons en by ons kom woon het en saam met ons is.

Hulle motiveer hulle prentjiegodsdiens asof hulle net Christus self meer prakties, aanvoelbaar en ervaarbaar wil maak met hulle prentjies, maar volgens Kolossense 2: 17 maak hulle met hul prentjiegodsdiens van Christus wat die werklikheid is 'n skaduwee en van hulle prentjiegodsdiens wat net 'n skaduwee is, die werklikheid van wie God in mense se lewens sou wees.

Hulle doen dit met houtkruise, papiertjies, spykers en hamers! Jy stap by die kerkdeur in en 'n oom of tannie gee vir jou 'n papiertjie en pen. Wanneer jy gaan sit, sien jy daar staan 'n groot houtkruis voor die kansel. Tydens die diens kondig die dominee aan jy moet jou sondes op die papiertjie skryf, vorentoe kom en met 'n hamer en spykertjies jou sondes teen die houtkruis kom vasspyker. Wat is 'n foto en wat is regtig? Die Here met wie jy saamleef en met wie jy in sy erediens sit wat vir jou op 'n regte kruis op Golgota gekruisig was, is die Here in wie se regte teenwoordige liefde jy leef. Die houtkruis, papiertjies, spykers en hamer is net 'n prentjies, 'n skaduwee. Nou moet jy net soos daardie simpel seun opstaan, vir die Here wat vir jou gekruisig is en saam met jou is, sê Hy moet net 'n bietjie wag, jy gaan net gou met daardie houtkruis en papiertjies maak dat sy kruis en teenwoordigheid vir jou meer werklik voel as wat Hy self dit vir jou met sy Woord laat voel.

Om met hierdie nuwe selfopgemaakte seremonie besig te wees, is sonde. Daarmee wil jy meer prakties voel wie die Here wat vir jou gekruisig is, is, terwyl Hy self jou laat voel dat Hy jou deel van sy kruis op Golgota gemaak het. Hierdie houtkruis in die kerk maak van die Here se kruisiging 'n skaduwee en van die dominee se houtkruis die werklikheid van jou godsdiens.

Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdiens

8. Hulle doen dit met waterspeletjies!

Wanneer kinders nou openbare belydenis van geloof doen, dan moet hulle terwyl hulle “ja” sê met hulle hande in die doopbak vroetel sodat hulle hulself kan herinner daaraan dat hulle gedoop is, of wanneer lidmate by die kerk inkom moet hulle met hul voete deur water loop of water op hulle koppe vryf, om hulle te self daaraan te herinner dat hulle gedoop is.

Wat is regtig en wat is net 'n prentjie? Die doop waarmee die Here jou laat doop het in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, is 'n teken waaroor Hy wat self met jou elke dag is, met jou praat en Hy gebruik sy teken om jou die hele tyd deur sy Woord aan sy liefde dat jy vir Hom sonder sonde is, te herinner. Dit is die werklikheid van wie die Here vir jou is.

Waterspeletjies waarmee jy jouself aan jou doop moet herinner, is prentjiegodsdiens! Dit is sonde om met hierdie prentjies van dominees besig te wees terwyl die Here met jou regte doop self regtig jou altyd herinner dat Hy jou sondeloos laat wees. Met hierdie waterprentjies maak jy van die Here net 'n skaduwee in jou lewe!

9. Hulle doen dit met spesiale geestelike kleredrag van dominees net soos wat die priesters in die Ou Testament gehad het! Die dominee klim op die kansel met 'n rooi, wit, groen en pers mantel of serp. Met sy spesiale geestelike klere wil hy jou laat voel dat die Here vir jou sondes gely het (rooi), dat die Here vir jou gebore is (wit) dat die Here sy Gees vir ons gegee het (groen) en dat die Here ons regeer. (pers)

Wat is die werklikheid en wat is die skaduwee? Die Here wat saam met ons is en ons elke dag deur sy Woord verseker dat Hy vir ons sondes gely het, vir ons as mens gebore is, vir ons sy Gees gegee het en ons deur sy genade regeer, is die werklikheid van die Here wie met ons is.

Dit is sonde om met seremoniële klere vir mense te wil laat voel, ervaar en te herinner wat die Here vir hulle self deur sy eie Woord hulle laat voel, ervaar en aan herinner. Dit maak van die teenwoordige Here net 'n skaduwee en van die dominees en sy klere die werklikheid.

Hulle doen dit ook met altare en offers wat hulle terugbring in die seremonies wat die Here weggevat het. Hulle noem die ruimte voor die kansel nou die “altaar”. Hulle roep mense na vore om hulle self vir die Here te kom oorgee vir hul sonde en noem hierdie oproep – die “altarcall”.

Wat is werklik en wat is skaduwee? Die Here wat van sy kruis die altaar vir ons sondes gemaak het, en sy liggaam en lewe aan die kruis as offer gegee het, of

Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdiens

mense wat opstaan en voor 'n dominee hulle self aan die Here vir hul sondes oorgee?

Dit is sonde om seremoniële prentjies op te maak en daarmee in die kerk besig te wees! Want dit maak van die Here se altaar en offer 'n skaduwee en van dominees se altare en offers die werklikheid!

Net so speel hulle die hele tyd met kerse en kersliggies! Met hierdie kersliggies wil hulle jou laat voel jy leef in die lig van die Here. Wat is werklik en wat is onwerklik? Die Here wie met ons is se Woord waarmee Hy die hele tyd met ons praat, is ons lig. Kersliggies maak nie die lig van die Woord van God meer voelbaar en prakties in ons lewe wat die Here sy eie Woord vir ons maak nie. Wie in kersliggies die teenwoordigheid en rigting van God vir sy lewe ervaar, is met afgodsdiens besig. Hy maak van God en sy Woord net 'n skaduwee in sy lewe.

10. Die ergste van hierdie prentjiegeestelikheid is dat hulle dit nie net in eredienste bedryf nie, maar die hele lewe van mense prentjiegeestelikheid maak. Dit doen hulle deur mense te laat glo hulle en hul hele lewe moet God se teken word. Hulle en hulle hele lewe moet 'n teken van God se koninkryk word!

Met hierdie geloof dat hulle en hul lewe God, God se liefde, God se krag, God se teenwoordigheid en God se Persoon vir ander mense 'n werklikheid maak, word hulle God se prentjie vir die wêreld! Hulle beeld God uit en maak God met hulle lewe en liefde vir ander 'n werklikheid!

Die leuen is dat God self God is en self teenwoordig is in sy skepping. Deur mense en hul lewe 'n seremonie van God te maak, 'n teken van God se koninkryk, maak hierdie geestelikes van God self net 'n skaduwee in sy skepping.

Christus het alle seremoniële godsdiens afgeskaf en beëindig! In Hebreërs 10 word dit soos volg aangekondig: "Dan sê Hy: "Kyk, hier is Ek om u wil te doen." Hy beëindig die eerste, sodat hy die tweede tot stand kan bring." (Direkte Afrikaanse Vertaling) Die predikante, priesters en pastore is vandag besig om die skaduwee wat die Here self beëindig het (Heb. 10:1), weer te bedryf as die werklikheid om van Christus net 'n skaduwee te maak.

11. Kom ons sluit af met nog 'n voorbeeld! Regte liefde en gemaakte liefde is soos die verskil tussen 'n veldwagter en 'n sirkusbaas!

'n Veldwagter in die wildtuin het die leeus in die wildtuin regtig lief. Daarom doen hy alles wat 'n regte veldwagter doen sodat leeus, regte leeus in die wildtuin kan wees. 'n Sirkusbaas se liefde vir leeus is nie regte liefde nie. Dit is gemaakte liefde. Dit wil leeus van regte leeus na sirkusleeus verander. Hulle wil leeus transformeer! Hulle wil leeus nie help om leeus te wees nie. Hulle wil leeus vang, in hokke aanhou en dan

Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdiens

simpel toertjies leer wat enige leeu al sy selfrespek en trots laat verloor. In plaas van die koning van die diere te wees en vry te loop in die veld om leeu te wees, moet 'n leeu op die klap van die sweep op 'n stoeltjie soos 'n mens sit, deur 'n ring spring soos 'n mens en op sy agterpote loop soos 'n mens! Toertjies waarmee 'n leeu nie meer 'n leeu kan wees nie maar soos 'n mens uitgebeeld word!

Die Here se liefde vir ons is veldwagterliefde. Regte liefde van God vir mense wat regtig mense is. Werklike liefde van God sodat mense God werklik as mense kan liefhê.

Geestelike predikante, pastore en priesters se liefde vir mense is sirkusbaas liefde! Hulle wil mense met seremoniële toertjies soos God laat lyk vir ander mense. As hulle hul wettiese swepe klap, dan moet mense toertjies uitvoer om soos God te lyk en God se werke na te doen met seremonies, net om na hul toertjies weer in die geestelikes se geestelike hokke van skuld, oordeel en aanklagte opgesluit te word. So maak hulle gelowiges bespotlik en bevange!

Die hartseer van sulke sirkusleeus is dat wanneer jy hulle in hulle regte omgewing los om regte leeus te kan wees, dan gaan hulle dood van die honger en dors. Hulle het nooit geleer om regte leeus te wees in die vryheid van die regte leeuulewe nie. Net so gaan dit met mense wat geestelikes aanhou en geestelike toertjies laat uitvoer. Hulle kan nooit in God se regte liefde leef en God regtig liefhê nie. Want hulle het nooit geleer om in God se liefde met regte liefde as mense vir God te leef nie.

Wie is ons?

Geestelikes se toertjieskouspel of God se kinders wat in sy werklike liefde Hom werklik liefhet?

Wie met seremoniële godsdiens besig is, is geestelikes se toertjiemense! Wie Christus se werklike liefde het met hierdie toertjies gebreek en het Hom werklik lief in sy werklike skepping volgens sy werklike wet!~